# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

***March 2019 / Maart 2019***




*For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe*

*Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV*

# Editors page / Redakteur se blad

## Indeks / Index


Editors Page / Redakteur se blad 2
Editorial / Redaksioneel 3
Notule van Beoordelaars vergadering - Benard van Zyl 4
Notule van Beoordelaarsforum vergadering - Benard van Zyl 6
My ervaring met Felice Esposito - Charl Naudé 7
Kom ons bevorder ons sport en los negatiwiteit - Danie Strydom 8
Pigeon louse or pigeon fly - Submitted by Simon Jordaan 10
Scoreboard and Rules 12


## Birthdays

| | |
|---|---|
| *G004 - Frik Knoetze* | *- 01-Apr* |
| *H026 - André Rix* | *- 01-Apr* |
| *G015 - Francois Jooste* | *- 02-Apr* |
| *J007 - George Bell* | *- 05-Apr* |
| *N014 - Rob Poley* | *- 06-Apr* |
| *A008 - Rob Lombaard* | *- 11-Apr* |
| *B041 - Braam du Plessis* | *- 12-Apr* |
| *B036 - Johann du Plessis* | *- 12-Apr* |
| *A086 - Jaco Pieterse* | *- 15-Apr* |
| *V011 - André Haarhoff* | *- 16-Apr* |
| *V020 - Jaco Kruger* | *- 17-Apr* |
| *D021 - Herman Wessels* | *- 20-Apr* |
| *W021 - Peter Vorster* | *- 21-Apr* |
| *W029 - Hendri Botha* | *- 22-Apr* |
| *C025 - Nesley Topham* | *- 22-Apr* |
| *B020 - Chris de Bruin* | *- 22-Apr* |
| *V018 - JP Nel* | *- 29-Apr* |

***Ill members***

***None***

***Deaths***



***Apie Reynecke - Oud lid van Vrystaat***



***Naas du Preez - Oostelike streek lid***


**Advertisement Costs**
**Businesses and non SAFPA members**
**Quarter page - R250**
**Half page - R450**
**Full page - R850**


**Banking details**
**Account Name SAFPA**
**Standard Bank Tyger Manor**
**Branch Code 05-04-10-41**
**Account Number 272 692 794**

**National Ringmaster**
**Available**
**Monday to Saturday**
**08:00 to 20:00**
**Sunday after 14:00**


Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800



**Redakteur/Editor**
**Christo Munnik**

An elderly man once sold his very successfull business to a young man. On the day the young man took over the business he asked the old man to tell him what his secret was to success. The old man's answer were: ***"two words my friend, right decisions. I made the right decisions at the right time."*** The young man not satisfied with the answer asked: "how did you know that the decisions you took were the right decisions." ***"One word my friend" was the answer, "experience".*** How, the young man asked did you gain all the experience. Was it all the years in the business? "It was" said the old man ***"but the right answer is two words again, wrong decisions.*** Through taking wrong decisions in the beginning and learning that it was wrong I gained valuable experience and that enabled me to make the right decisions in future."

I am sure there is a lot of our older members that can say that this little story reflects their success over the years breeding pigeons and winning shows. It can also be used to raise kids breed dogs and cats. I am now six months or nearly seven months down the line being the editor of our magazine and believe me I am still making decisions on how I think the end result shall look like, and believe me not all right decisions.

The other day one of my dear friends died at the age of 46 behind the steering wheel of her car after suffering a huge heart attack. That brought me back to my own mother who also died at the same age also suffering a heart attack. Life is so short that one should enjoy every minute of it and live it out with your family and close friends. My close friends in life is my pigeon friends. I try my best not to harm anybody and not to talk bad things behind their backs. I am also just human and sometimes can go off the road and if I do I ask for forgiveness maybe not to the person but in my prayers I do.

Ek het hierdie geneem uit een van my eerste Sierduif boekies wat ek gedoen het, so sal julle seker agterkom dat nie eintlik iets het om oor te skryf nie. Die Sierduif is nog steeds vir my 'n uitdaging al is dit die 98ste uitgawe wat ek nou gedoen het. Ek moet erken ek het eintlik meer daarvan gehou om die gedrukte uitgawes te doen maar ek het my aangepas by die nuwe idee soos die tyd aangeloop het. Christo Britz het anderdag vir die UK gesê dat dit sy verstand te bowe gaan hoekom ek meer van die gedrukte boekies gehou het maar hy het nie bygesê dat ek die woorde geuiter het nadat ek gehoor het die boekie gaan nou op die webblad verskyn. Ek het amper dieselfde gevoel toe ek die Nasionale Beoordelaarsforum gelos het vir die boekie want weereens het ek my alles ingesit vir die forum en die boekie was 'n ontsettende uitdaging.






**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**

**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## *Notule van Beoordelaarsbeamptes vergadering gehou te Bloemfontein op 3 Julie 2018*

***Benard van Zyl***

***1. Opening:*** Die voorsitter gaan voor in gebed, en heet almal welkom by die eerste vergadering van die week.

***2. Presensie:*** Met elf persone teenwoordig uit al die streke behalwe Wes-Transvaal gaan die vergadering voort.

***3. Verskonings:*** Geen verskonings is ontvang nie. Wes-Transvaal het wel 'n verslag ingedien.

***4. Notule van vorige vergadering:*** Een verandering word aangebring naamlik dat die rasnaam American Gaint Runt in 'n sin uitgelaat is waar die ring grootte verander word van 'E' na 'F'. Die notule word aanvaar.

***5 Sake uit die Notule:***

**5.1 Skouprogram**

Enkele items word bespreek: Die inligting wat aan die Redakteur gestuur word is nie altyd korrek nie. Die skouverslag kan net so aan hom gestuur word met al die inligting daarop.

**5.2 Opleiding sessie**

Vrystaatstreek vra of daar nie 'n opleiding sessie gereël kan word nie. Prakties is dit moeilik, so iets moet binne die streke gedoen word waar een persoon die skou admin by 'n ander oorneem.

**5.3 Hok groottes**

Die hok groottes in die skouprogram en in die Beoordelaarsforum handleiding stem nie ooreen nie.

**5.4 Skouuitslae**

Wanneer die skouuitslae aan die webmeester gestuur word moet die name van die beoordelaars en die ringnommers van die top sewe wenners ook aangedui word asseblief, vir die opbou van die argief. Die skou uitslae moet asseblief aan die Nasionale Redakteur, Nasionale Webmeester en Beoordelaarsforum Voorsitter gestuur word.

**5.5 Hokkaarte**

Wes-Transvaal vra in hul verslag vir 'n groter karakter tipe op die hokkaarte en dus ook 'n groter plakker.

***6. Nuwe Sake***

**6.1 Skouskedule**

Die hersiening van die skouskedule word na die Uitvoerende Komitee verwys.

**6.2 Verslae uit streke**

**6.2.1 KwaZulu-Natal:** Die saak waar twee persone sonder die nodige sertifikate rasse beoordeel het is reeds hanteer en afgehandel.

**6.2.2 Vrystaat:** Skoutoerusting is duur en streke sal moet saamwerk om 'n skou behoorlik aan te bied.

**6.2.3 Noord-Kaap:** Al was hul skou hierdie jaar baie klein sal dit steeds op Upington aangebied word.

**6.2.4 Wes-Kaap:** Lede kla oor die optredes en besluite van die beoordelaars. Daar is prosedures in plek sodat dit tydens die betrokke skou opgelos kan word, of 'n skriftelike verslag moet ingedien word by die streekbestuur.

***7. Toetsing op Streekskoue.*** Die saak word weer aangeroer. Die tydgleuf bly 'n probleem. 'n Tyd voor die aanvang van die skou byvoorbeeld 7 tot 8 uur word genoem.

***8. Bewys van beoordeling:*** Streke moet asseblief seker maak dat die beoordelaars 'n bewys van optrede ontvang.

***9. Afsluiting.*** Hiermee was die werksaamhede afgehandel en het die vergadering verdaag.



**Jaco Fick - B080**
**Breed with:**
**Birmingham Roller, Oriental Roller, Felegyzahaer Tumbler, Frillback, Indian Fantail, English Fantail, English Trumpeter, Old German Owl, Blondinette, Barb, Old Dutch Tumbler, Runt, Carrier, Egyptian Swift, Norwich Cropper, Brunner, Maltese, Silician Swallow, Modena, Chinese Owl, Ice Pigeon Muffed, Archangel, Lahore, American Showracer.**
**Contact information:**
**Cell: 079 6761 6548**

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

**“Beste wat ek ooit gebruik het. Nou ‘n jaar in gebruik. Duiwe in top kondisie. Puik verveer en ken nie meer siek duiwe nie. Het ook puik veerkwaliteit”**

Lourens Muller. Die Duiwehoekie. 29/01/2017




**bioworx ANIPRO Aqua - 25 x 5g R117.34**

## Ander produkte:

**bioworx AVIANPRO (Brouersgis) 1kg R156.18**
**bioworx ENERGYOIL 500ml R182.00**
**bioworx ENERGYOIL 1lt R346.30**
**bioworx BIOFUEL 1kg R125.99**
**bioworx DECHLOR 500g R255.00**

***(BTW ingesluit / Afleweringsfooie uitgesluit)***

**bioworx (edms) bpk** 2000/019696/07
Dekgrasweg 429 Sivertondale Pretoria Tel: 012 348 8888 / 082 879 4208
E-pos: hennie@bioworx.co.za Webwerf: www.bioworx-pigeon.co.za



**GJ van Aswegen**
**Teel met Norwich Croppers en Working Homers**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747**
**e-mail: gjtlofts7@gmail.com**





## Notule van die Beoordelaarsforum vergadering gehou op 6 Julie 2018 te Bloemfontein skougronde

***Benard van Zyl***

### *1. Opening:*
Die Voorsitter open met gebed en heet almal welkom .

### *2. Presensie:*
Die lys sirkuleer en drie-en-twintig (23) lede teken dit.

### *3. Verskonings:*
Verskoning word aangebied vir Hansie Botes, Renier Lee en Pieter Lourens.

### *4. Notule:*
Die notule van die 2016 vergadering is versprei en word as gelees en korrek aanvaar. Voorgestel deur Hennie Hattingh en gesekondeer deur Chris de Bruin.

### *5. Sake uit die notule:*
**5.1 Toetsing van beoordelaars**

Toetsing van beoordelaars op spesklub skoue is deur die UK afgekeer. Daar is egter weer 'n versoek dat toetsing op streekskoue gedoen mag word. Daar bestaan reeds reëls daarvoor, moontlik maksimum twee rasse per persoon. Die UK sal weer die saak bespreek.

### *6. Sake vanaf die Senior Beoordelaars:*
**6.1 Senior beoordelaar opleiding**

Twee nuwe kandidate vir opleiding is goed gekeur naamlik Wikus van Niekerk en Pieter Neethling. Hulle sal oor 'n periode van drie jaar die opleiding ondergaan. Peet Botha sal ook nog een jaar in opleiding wees. Die manne moet afsonderlik van die hoofbeoordelaar van die betrokke skou sy plasings doen wat dan bespreek sal word as die hoofbeoordeling afgehandel is.

**6.2 Ring groottes**

Die volgende ring veranderinge is goedgekeur:
Modeneser vanaf 'n 'B' na 'n 'A'
Oriental Roller vanaf 'n 'B' na 'n 'A'
Frillback vanaf 'n 'D' na 'n 'E'

**6.3 Kombinering van rasse**

Vienna Longfaced Tumbler en Muffed Vienna Longfaced Tumbler sal voortaan as een ras beoordeel word en net een duif sal in die top sewe meeding.

**6.4 Senior en Junior lede**

Dit word weer onder lede se aandag gebring dat 'n junior en senior lid in dieselfde familie nie dieselfde ras in hul afdelings mag skou nie.

### *7 Hoof Beoordelaar 2019 SA's:*
Die hoof beoordelaar is ds Renier Lee met alternatief JAS van Niekerk.

### *8 Ander sake:*
**8.1 Skoureëls**

Die voorsitter bring dit weer onder almal se aandag dat die skoureëls asseblief streng toegepas moet word.

**8.2 Toetsing van nuwebeoordelaars**

Nege lede het geregistreer en toetsbeamptes en senior beoordelaars word versoek om in die saal teenwoordig te wees asseblief.

### *9 Bestuur:*
Die Visie-Voorsitter se termyn het 2017 verstryk. Hy is beskikbaar om die volgende twee nog te dien en word so verkies.

Die Sekretaris se termyn verstryk 2018 en Christo Nel is nie weer beskikbaar nie. Ds Hennie Hattingh word genomineer hy is beskikbaar en word dus verkies. Baie geluk en dankie.

### *10 Afsluiting:*
Hiermee was die werksaamhede afgehandel en het die vergadering verdaag.






**Chris de Bruin**
**Teel met Cauchois, American Giant Runts, Strassers, Swiss Mondains & Gros Mondains.**
**Kontak besonderhede:**
**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**




Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800



## *My ervaring met Felice Esposito*
***Charl Naudé***

### *"Never judge a book by its cover."*

Ek was skoon gespanne voor Felice Esposito 'n nag by ons kom oorbly het. Bitter min was in plek voor hy na ons toe gekom het (op die plot).

Wat 'n aangename mens!! Ons het sommer gekliek van die begin af. Ons is hokke toe waar ek my duiwe vir hom gewys het. Ek spesialiseer in 'English Muffed Longfaced Tumblers". (Swart was nog altyd my gunsteling kleur). Felice Esposito is 'n wêreldbekende teler met sy "English Muffed Beard en Baldhead Tumblers". Ek glo by vêrre die beste in die wêreld! Ek probeer nou al vir 3 jaar om baie meer "Power" op die "English Muffed Tumblers" te kry! Maar dan word die duiwe te groot. Felice het my baie duidelik daarop gewys om die duiwe kleiner te teel en meer balans te hê sonder om die "Power" in te boet! Dis 'n "moerse" job om die minste te sê! Hy het vir my nege pare opgemaak wat hy sou doen. Die "English Longfaced Tumbler" se lyf tel baie en ek het besef ek sal altyd na die balans moet kyk en nie net 'n groot kop nie!

Ons is Dinsdagoggend sewe uur uit Nelspruit oppad na Bloemfontein vir die SA's! Sewe van ons in die Fortuner. Hy het twee sê goed by ons geleer "Aug" en "Buy a donkey". Ek moet sê die kuier in Bloemfontein vir ons Nelspruiters was woes! Van 'n gematige 27° tot 'n 6°. (vir my duiwe ook).

Woensdag met die beoordeling het hy soos alle oorsese beoordelaars sy standaard uitgestal en toe het hy met die "English Baldhead Tumblers" begin. Hy was baie beïndruk met 'n geel jong hen wat ek



geteel het van 'n Rooi "English Baldhead Tumbler" van Christo Britz en 'n "English C/L L/F Tumbler' swart wyfie van Bertie Wessels. Die dogter (mismerk) het ek toe teruggevat na haar pa toe. Hy sê dat sy enige plek in die wêreld kompiterend sal wees. Sy was ook toe beste "English Baldhead






**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**
**DIE PERFEKTE RAS:**
**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas.**

**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves? - the perfect bird!**



Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Tumbler".

Felice Esposito was by die veerpote veral beïndruk met 'n jong Dun hen wat ek myself en die duif gedrop het want haar kondisie was af. Haar ma 'n swart veerpoot hen het gewen. Interessant is dat



haar ouma en die geel baldhead se ouma dieselfde ma gehad het (die swart koonbeen wyfie van Bertie Wessels).

Hy was soos verwag baie beïndruk met die "English C/L L/F Tumblers". Meestal Christo Britz, Jas van Niekerk en Bertie Wessels se duiwe. Ek het ook vir die eerste keer 5 "English C/L L/F Tumblers" ingeskryf wat baie kompiterend was. My duiwe op skou (CL's) kom almal van die Copeland lyn. Christo Britz se lyn.

Christo Britz het die raswenner geskou met 'n baie goed gebalanseerde Bruin en ook twee Khaki wyfies wat uitstekend was. Weereens het Felice Esposito na balans gekyk.

Ons het Felice Esposito Vrydag gegroet en gevoel soos 'n familie lid wat ek groet. Vir my was sy besoek in Suid Afrika van onskatbare waarde. Dankie vir Christo Brits wat gereël het dat hy moet kom. Hok blindheid gebeur maklik en dis belangrik dat 'n ou 'n kundige persoon moet kry om van tyd tot tyd kom kyk en eerlike opinie gee! Partykeer vat 'n ou maar 'n bloedneus, maar dis al hoe ons verbeter. Dankie ook aan Vrystaatstreek met Chris van der Walt vir 'n baie aangename skou.
Groete





***Kom ons bevorder ons sport en los die negatiwiteit en verander dit in positiwiteit:***
***Danie Strydom***

Ek gaan sekerlik nou op tone trap en party duiwe vriende de hoenders in maak, maar ek is nou plein keelvol vir van die nuwe manne wat heeltyd kla dat die ou manne skelms is.

Wanneer jy besluit jy wil die duiwe sport betree doen jouself 'n guns en doen die volgende:

Voor jy enige duiwe ras wil aankoop gaan woon skoue by en besluit op 'n ras wat jy wil hê. Doen jou huiswerk en lees soveel as moontik op oor die ras, bekom vir jou die ras se standaard en leer dit, gaan besoek soveel as moontlike duiwe boere wat met die spesifieke ras boer en praat met hulle en doen so kennis op. As jy 'n ernstige beginner is sal jy nie met 10 verskillende rasse wil begin nie, maar met een of twee totdat jy die ras onder die knie het. Dan eers gaan koop jy jou duiwe aan, die ou manne sal dan sien jy is ernstig oor ons sport.

Onthou net een ding duiwe boere gaan nie sy beste duiwe aan jou verkoop nie hulle het jare se tyd spandeer en baie geld om hulle stoet op te bou. Hulle sal ook nie swak duiwe aan jou verkoop nie, want ek glo 'n gesoute duiwe boer het nie swak duiwe in sy hokke nie, want hulle gaan nie geld aan kos en medisyne spandeer op swak duiwe nie. Dit is minder goeie duiwe, maar is nog steeds bruikbare duiwe.

Onthou niemand hou 'n geweer teen jou kop en sê jy moet die duiwe koop nie, dit is jou besluit om nee te sê as jy jou huiswerk gedoen het, ek glo ook nie eers die verkoper sal vra hoekom jy dit nie wil koop

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800

nie. So as jy swak duiwe volgens jou gekoop het is jy die eenigste een wat daar voor verantwoordelik is en nie die ou manne wat skelm was, soos baie sê nie.

Dit is mense soos julle wat dit moeilik maak vir ons ander wat ernstig is oor ons duiwe sport, dit is al sulke dinge wat maak dat die ou manne nie ons nuwe manne wil help nie. As jy bruikbare duiwe wil aankoop moet jy bereid wees om die koper se prys te betaal, en moet nie kom met stories ek het nie baie geld of ek is ‘n penioenaris nie. Ek noem dit bedel, en as jy nie eers geld het om duiwe aan te koop nie, hoe gaan jy die kos en medikasie bekostig, want dit is nie goedkoop nie.
Dan nog ‘n ding moet nie altyd vra wat kan die klub vir jou doen en beteken nie, verander jou gesindheid en vra eerder wat kan ek vir die klub doen of beten. Dit is al hoe ons, ons duiwe sport aan die lewe gaan hou en nuwe lede werf.

So stop hierdie swak mentaliteit wat party mense het dat die klub verleë is oor jou en dat die klub jou enige iets skuld, jy sit die pot mis, ons is baie mense wat die klub kan laat aan gaan en ons sport geniet. So as jy besluit om met die duiwe sport te wil begin, gee jou alles en geniet jou duiwe en die goeie vriende wat jy maak en los die agter af geite uit asseblief, dit bevorder nie ons sport nie.

Ek is self ‘n nuwe lid en het my huiswerk gedoen en goeie duiwe bekom by van die beste telers van ons ras, dit was nie net maanskyn en rose nie, want al die telers is vêr van ons af. Ek en my vrou het 2100 km gery om ‘n skou in Stilfontein by te woon en om te gaan leer, en nee ons het nie geld om te mors nie, maar ons is ernstig oor ons duiwe en het die geld af geknyp. Ek het nie gebedel nie en nog tans het ek 2 paar baie goeie bruikbare duiwe verniet gekry, want die twee telers het gesien ons is ernstig. Die twee ou manne het my gehelp met die oppaar van my duiwe en het raad, hulp en kennis gedeel. Ek het met hulle hulp goeie op standaard kleintjies gebroei laasjaar en glo ek het die regte kwaliteit duiwe om goed te doen op ‘n skou, dit is net die voorbereiding wat my kan kniehalter, maar weet hoe om hulle voor te berei met die hulp van die ou manne. Tot vandag sal hulle my help om te sê waste cock ek met waste hen moet oppaar, ons is amper daagliks in gespreek op whattsapp of telefonies.
As jy kenners vra wat hulle van jou duiwe dink, en hulle gee hulle eerlike opinie, aanvaar dit en probeer beter teel met wat jy het. Onthou Rome is nie in een dag gebou nie. Moenie kwaad raak as hulle sê jou duiwe is katkos of duiwe kakkers nie gebruik die kritiek om te verbeter. Of wil jy hê hulle moet vir jou lieg en dan gaan maak jy jou naam gat op ‘n skou, ek glo nie so nie. Ek aanvaar en waardeer eerlikheid, so as my duiwe swak lyk sê my dan weet ek waar om aan te werk en te verbeter. Dan kan ek mos die insette gebruik tot my voordeel.

Die laaste ding is die ouens wat aan die klub behoort en die SASV se geselsgroep se boodskappe “forward” na hulle hanswors groepe (sosioale duiwe groepe) stop dit julle is te in gat om R300.00 ‘n jaar te betaal om aan die SASV te behoort en nou wil julle die SASV afbreek. Ek weet wie julle is en ek ken julle. So stop dit asseblief en karring aan met julle katkos duiwe, want as julle oordentlike duiwe gehad het, sou julle hulle geskou het en nie agter in julle erwe weg gesteek het nie. Van julle het nog nooit van julle ras se standaard gehoor nie, maar julle wil ons klub sleg maak. Julle is besig om ons duiwe sport af te breek, so klim op julle fietse en ry, want julle is nie ernstig oor die sport nie.

As ek uit my beurt gepraat het, haal my maar van die groep af. En as die skoen jou pas trek hom aan en besluit of jy ernstig is oor ons sport en verander jou gesindheid. Daar is regtig baie goeie duiwe vriende daar buite en ons moet poog om ons sport te bevorder en te laat groei. Kom ons staan saam en doen dit vir die duiwe. Hulle is op die ou end die wat die skou wen en nie ons nie.

Ek is ‘n nuweling en nou so jaar weer terug in die sierduiwe sport met ‘n heel uitdagende ras, maar ek is ‘n bobbejaan. Alles in die lewe is dieselfde of dit nou werk of sport is, die prinsiep is die selfde. En ek is nie oud in ouderdom nie, maar die lewe het my al baie geleer en mens hoef nie ‘n graad te hê om negatiewe karakters raak te sien nie.

Duiwe groete
ds~ps featherLove
Danie & Pearl Strydom



***Many years ago in Scotland, a new game was invented.***
***It was ruled ‘Gentlemen Only...Ladies Forbidden’.. .***
***and thus, the word GOLF entered into the English language.***

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003
National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## *Pigeon louse or pigeon fly*

***Taken from Pigeon Talk***
***Submitted by Simon Jordaan***

The pigeon louse fly, (Macquart), is a common ectoparasite of pigeons and doves. The louse flies (Hippoboscidae) are obligate blood-feeding ectoparasites of birds and mammals. Both adult males and females feed on the blood of their host. They are adapted for clinging to and moving through the plumage and pelage of their hosts. Strongly specialized claws help them cling to the hair or feathers of their particular host species. Pigeon flies retain their wings for their entire adult life. Others species are wingless (like sheep keds) or lose their wings once the newly emerged adults find a host (deer keds).



Dorsal view of an adult female pigeon louse fly, Pseudolychia canariensis(Macquart).

### *Distribution:*

This fly is an obligate parasite of birds, especially feral and domestic pigeons and doves (Columbiformes). It is found wherever pigeons are encountered in tropical, subtropical, and temperate areas with mild winters worldwide. It occurs throughout Florida and the Southeastern United States.

### *Identification:*

Pigeon louse flies are brown dorso-ventrally flattened flies that live among the body feathers of pigeons and doves. They are about the same size as house flies (5 to 6 mm head and body length, wings 6 to 7 mm) and are very slow fliers. They have a tough exoskeleton that protects them from being crushed by the grooming host.

### *Life Histories and Habitat:*




Figure 2. Ventral view of an adult female pigeon louse fly, Pseudolychia canariensis(Macquart). Photograph by Karen Wheeler, University of Florida.

Louse flies have a very interesting reproductive strategy. The female produces one larva at a time and retains the developing larva in her body until it is ready to pupate. The larva feeds on the secretions of a “milk gland” in the uterus of its mother. After three larval instars, the larva has reached its maximum size, the mother gives birth to the white pre-pupa which immediately begins to darken and form the puparium or pupal shell. The pupa of the pigeon louse fly looks like a dark brown, egg-shaped seed. The pupa is found in the nest of the host or on ledges where the birds roost. When the fly has completed its metamorphosis, the winged adult emerges from the puparium and flies in



Figure 3. White pre-pupa (terminal larval instar which has stopped feeding and immediately begins to form the puparium when it is delivered by the mother), brown pupa and an adult pigeon louse fly, Pseudolychia canariensis (Macquart). Photograph by Karen Wheeler, University of Florida.

search of a host.

### *Hosts:*

This fly is an obligate parasite of birds, especially feral and domestic pigeons (Columba livia) and doves (Columbiformes). Both sexes feed on the blood of the host bird. Theodor (1975) reported that it occurs primarily on pigeons and doves and has been found on many other types of birds in the Old World. He also reported that it only occurs on the domestic pigeon in America. However, it has also been collected from morning doves (Zenaida macroura) in Florida. Pigeon flies very rarely bite humans. Usually it is when a person is handling live pigeons and the flies abandon the birds and land on the person. Occasionally pigeon flies bite people after pigeons have been excluded from a structure. Newly emerged adults that are unable to find a bird host may go to humans in desperation and bite. Pigeon flies cannot survive on humans and are not known to transmit any diseases to humans. Their bites are comparable to stable fly bites and can be a painful nuisance.

### *Parasites:*

Pigeon flies are commonly parasitized by the mite Myialges anchora (Myialgesidae) in the Old World (Theodor 1975) and this mite likely occurs in the Americas. The pigeon fly is the vector and intermediate host for sporozoite production of the protozoan parasite of pigeons, Haemoproteus columbae (Haemoproteidae: Haemosporidia) (Soulsby 1968). This malaria-like parasite has minimal effects on adult pigeons, but can be fatal to young birds. Bird biting lice in the suborder Ischnocera (Phthiraptera [Mallophaga]) are often found riding on hippoboscid flies. This is a phoretic association and the lice do not feed on the flies. The lice clasp the legs or setae of the fly's body with their mandibles and hitch a ride to the next bird visited by the hippoboscid fly.



***It was the accepted practice in Babylon 4,000 years ago that for a month after the wedding, the bride's father would supply his son-in-law with all the mead he could drink. Mead is a honey beer and because their calendar was lunar based, this period was called the honey month, which we know today as the honeymoon.***

**YOU KNOW YOU ARE LIVING IN 2019 when...**

1. You accidentally enter your PIN on the microwave.
2. You haven't played solitaire with real cards in years.
3. You have a list of 15 phone numbers to reach your family of three.
4. You e-mail the person who works at the desk next to you.
5. Your reason for not staying in touch with friends and family is that they don't have e-mail addresses.
6. You pull up in your own driveway and use your mobile phone to see if anyone is home to help you carry in the groceries...
7. Every commercial on television has a web site at the bottom of the screen
8. Leaving the house without your mobile phone, which you didn't even have the first 20 or 30 (or 60) years of your life, is now a cause for panic and you turn around to go and get it
10. You get up in the morning and go on line before getting your coffee
11. You start tilting your head sideways to smile. : )
12 You're reading this and nodding and laughing.
13. Even worse, you know exactly to whom you are going to forward this message.
14. You are too busy to notice there was no 9 on this list.
15. You actually scrolled back up to check that there wasn't a 9 on this list

**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

Old German Owl Club · S.A.F.P.A Specialist Club

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A report about a match meeting will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat R850 aan 'n advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R200 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R60 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R35 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R40 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact Robin Prince for correct postage**

## Score board

### Bank OFS Shield

| | |
|---|---|
| 1. Freestate: | 2303 |

### Manie Fourie Trophy

| | |
|---|---|
| 1. Northern Freestate: | 1454 |
| 2. North-of-the-Vaal: | 1386 |
| 3. Western Transvaal: | 1140 |
| 4. Eastern Region: | 1050 |
| 5. Northern Cape: | 653 |
| 6. Eastern Province: | 600 |
| 7. KwaZulu-Natal: | 334 |
| 8. Western Cape: | 0 |
| 9. SW Districts: | 0 |

### Bertie Wessels Trophy

1.

Webpage - www.fancypigeon.co.za Cell: 083 626 6003

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800